Julie 2017

# Die *Galpil*

Physical address: 232 Main Road, Paarl.
Snail– Mail: P.O. Box 59, Paarl, 7622.
Website: www.paarlboyshighobu.com

Telephone: 021 872 2835
E-mail: info@paarlboyshighobu.com
Fax: 086 549 1980

## FROM OUR CHAIRMAN

*"Time waits for nobody, time waits for nobody We all must plan our hopes together Or we'll have no more future at all.*

*Time waits for nobody"*

These words come from the song 'Time' and the Freddie Mercury Album from 1992. This was a year where I just completed my national service and started as a first year student. Even though it feels like yesterday, the reality is that is was 25 years ago. I feel the same about the time between interschools. It feels like yesterday when we celebrated the win at Faure street when Captain Salmaan and his men made us proud in August last year. The reality is that interschools is once again around the corner and we are working full steam ahead in preparation for the first weekend in August. Time waits for nobody!




Hierdie was 'n besonderse besige kwartaal vir die Oudstudente-Unie. Daar is reeds 'n hele klomp funksies en fondsinsamelings agter die rug. Die 20ste April het die Oudstudente-Unie 'n geskiedkundige Telethon gehou waartydens daar R1 500 000 ingesamel is deur bykans 300 oudstudente wat elk R5000 geskenk het. Dit was 'n feestelike aand wat ook regstreeks uitgesaai is via Youtube met Peter Pentz (2014) wat vir ons as aanbieder opgetree het.

Die orkes Jackall & the Wind wat net uit oudstudente bestaan, het ons vermaak met fantastiese musiek. John Gründling (1997) wat die "SA Braaimaster" gewen het het gesorg vir heerlike kos en dan het Corné Krige en Carel du Plessis ook nog kom kuier om die aand verder spesiaal te maak. Ons het heelparty gelukkige trekkings op die aand gehad en onder ander 'n Hyundai motor weggegee wat gewen is deur Riaan Kunz (1989). Baie dankie aan ieder en elk wat geborg het en ook gehelp het met die sukses van die aand. Op 18de Mei het die Noordelike Voorstede golfdag plaasgevind onder leiding van Dr. Kobus Uys. Baie dankie aan almal wat dit ondersteun het en ook aan Kobus en sy regterhand, Amelia, wat weereens baie hard agter die skerms gewerk het.

The inaugural old boys golf clash against Paul Roos happened on May 25 and I am happy to report that this ended in a draw! We would like to thank Lew Geffen Sothebys for the sponsorship of the event. The Legends Auction that was instituted by our former chairman, Francois Gerber, in 2016, once again happened on 21 June and was attended by approximately 150 people. The comedian, Nik Rabinowitz acted as MC and provided entertainment whilst auctioneer, Carl Malherbe helped to sell our fantastic lots. We would like to thank everybody who attended and also all the sponsors, but in particular KWV who acted as the main sponsor of the event. I am also happy to report that the event was attended by Dr. Christo Wiese, the chairman of the Paarl Boys' High 150

Board of Patrons, as well as no less than seven additional members of the board.

Ek wil ook graag ons Direkteur 150, Danie Malan, baie dankie sê vir die onbaatsugtige werk wat hy ter aanloop van die 150-jaar feesvieringe in 2018 voortsit. Die Oudstudente-Unie gee ons onvoorwaardelike steun aan die 150 werksaamhede en kyk met dankbaarheid na die werk wat reeds vermag is. Ons is ook baie opgewonde om aan julle die nuwe museum te wys wanneer daar gekuier word in Augustus! Daar word lekker saamgewerk tussen al die rolspelers in die aanloop tot 2018 en die woorde van Freddie Mercury: 'We all must plan our hopes together' - or we'll have no more future at all' , kom weer onwillekeurig by my op.

We would also like to congratulate Mr Derek Swart and the personnel of our wonderful school for all the achievements in all areas. I was privileged to attend the St Johns rugby festival and had a goose-bump moment when I overheard someone in the crowd saying that the Paarl Boys team looks like a bunch of distinguished gentleman. It is always great to see good results, but above all it is great to see that we cultivate boys to make a difference in the real world. In the same breath I would like to congratulate all the Old Boys who make a mark and make us proud on a daily basis - keep it up!

‘n Groot dankie aan die Oudstudente-Unie komitee wat so ruim van hulle tyd en energie gee. Ons kan ook nie genoeg dankie sê aan Esmé en Francina, ons twee dames in die kantoor nie - hulle maak ons taak uitvoerbaar!

We cannot wait to welcome you in Paarl when you come to visit in August, to spend some time with old friends and to relive the wonderful memories that were cultivated by our alma mater.

**Time waits for nobody!**

Tandem Fit Arbor Surculus

Hennie Warnich

## HEADMASTER: DEREK SWART

Geagte Oudstudente

Wyd uiteenlopende prestasies is oudergewoonte die afgelope kwartaal gelewer. Die volle besonderhede daarvan, en van ander prestasies, kan u lees in die *Boys' High Blitz,* die skool se weeklikse elektroniese nuusbrief, of die *Kollig / Spotlight* wat aan die einde van die kwartaal uitgegee word. (Indien u dit wil ontvang, skakel gerus met mev. Mari Nel by die skool.) Weens beperkte ruimte wys ons dus net op die volgende:

Die uitstekende akademiese uitslae van die 2016-matrieks, met onder andere ’n 92%-matrikulasievrystelling, is bekroon met die aanwysing van die HJS as die WKOD se topskool in Wiskunde, Rekeningkunde en Ekonomie. Emile Scriba (gr 10) en Sebastian Lombard (gr 9) het beide onder die top-10 geëindig in die prestigeryke UCT Wiskunde-olimpiade.

Op sportgebied is Bob Fick en Andre van Huyssteen (as ’n senior) gekeur om aan die SA- nasionale swemgala deel te neem. Curwin Gertse het by die SA-skolebyeenkoms ’n nuwe SA-rekord vir 100 m-hekkies seuns o.15 opgestel met ’n tyd van 12,82 sek. Ekhardt van der Watt kom derde in paalspring by die SA-byeenkoms vir seniors en Luan Krige word vir die SA-tennisskolespan gekies. Luke van Vuuren is vir die SA-o.19-muurbalspan gekies wat aan die Wêreldtoernooi in Nieu-Seeland gaan deelneem, en Shaun Fouché vir die Namibiese o.19-krieketspan vir die Wêreldbekertoernooi, en dit as ’n o.17-speler.

Geskiedenis is verder gemaak deurdat ’n junior en senior HJS-hokkiespan vir die eerste keer oorsee getoer het, en wel na Nederland, waar hulle besonders goeie uitslae behaal het. Terselftertyd het drie rugbyspanne na Nieu-Seeland getoer. Die tweede rugbyspan behou hul onoorwonne status internasionaal en die eerste span nasionaal. Dit was werklik ’n horison-verruimende ondervinding vir almal.

Die eerste gholfspan sal weereens die Boland by die SA-skoletoernooi verteenwoordig.

Op die kultuurfront het HJS geskitter met die besonderse prestasie van twee seuns, te wete Kian Ontong en Kent Fobian, wat Suid-Afrika in Cambridge in ’n internasionale debatskompetisie verteenwoordig het wat deur die Britse parlement uitgeskryf word, en waar hulle baie goed gevaar het. Die musiek-departement het verskeie konserte aangebied en ons seuns vaar uitstekend in verskillende eisteddfods. Die sport- en kultuurnaweek teen Grey Kollege is ook met besonderse sukses afgehandel.

Oudstudente het ook oor ’n wye front presteer. Die jongste prestasie is dié van mnre. Thomas du Toit (SA A-rugby), Frans Malherbe (Springbokke) en Dawid Malan (Engeland T20-krieket). Mnr. Bjorn Fortuin is vir die SA A-krieketspan gekies. Mnre. Salmaan Moerat, Wikus Groenewald, Gianni Lombard, Jean-Luc Cilliers en Daniel Jooste is verder vir SA- o.20-rugbyspan gekies wat aan die Wêreldbeker deelgeneem het.

Finally, please let us know if you have any news about Old Boys. We would also like to reiterate that your support is important to us. The staff and I have a strong vision for the future, building not only on the achievements of the past few years, but also on the standard of “Boishaai-ship” demonstrated by our boys. Once again, I would like to invite you to talk to me if something bothers you, but definitely talk long and hard with others if something makes you proud!

Tandem Fit Arbor Surculus.

Derek Swart

## PPS HEADMASTER: HENCO BESTER

Geagte Oudstudente

By Primêre Seunskool is ons trots om ‘n jaartema te volg wat die skool se gedeelde visie beklemtoon. Hierdie visie is om seuns op te voed om as ware here op te tree. Alles wat ons doen, moet dus hierdie visie ondersteun.

This year's theme is "Upward, Outward". Up to our God, because He is our compass and outward to the people around us. The vision is to challenge our boys to deepen their relationship with their Creator, set goals for themselves and pursue these goals. With this, it is also important to reach out to others and to use our God-given talents to make a difference in other people's lives.

Gun my die geleentheid om net kortliks na enkele gebeurtenisse te verwys waardeur hierdie tema gestalte kon verkry. Die verwoestende veldbrande aan die begin van die jaar in die Paarl omgewing het vroeg reeds die behoefte aan hulp laat ontstaan. Ons seuns het nie teleurgestel nie. Klere, beddegoed, kos en water is gebring en versprei om brandslagoffers en bestryders by te staan.

The "Koskas Project" in the school involves reaching out to boys in our school who are in need. This is an informal project. Boys and families can bring groceries to school for other families who need it. Some boys also receive a sandwich from the teacher who runs the project daily. I recently experienced the appreciation of a family that is supported by this project. It is wonderful how small gestures of compassion make a big difference.

Elke Donderdagoggend ontmoet die seuns op ‘n vrywillige basis in klasverband om die Goeie Nuus van Jesus se liefde te ontvang. Hulle staan bekend as die “Mighty Warriors” en meer as 80% van die seuns in die skool is deel hiervan. Die seuns word gelei deur vrywilligers uit die gemeenskap. Hulle is opgelei om die boodskap van die Bybel aan die seuns te verkondig. Die seuns geniet die eer-en-dien-bedienings en baie het ook al hul harte oopgemaak as gevolg van die bediening wat hulle ontvang. Een van die mooiste spontane tradisies wat hieruit gevolg het, is Klein Boishaaiers wat aan mekaar raak wanneer daar saam gebid word. Uit die geledere van die “Mighty Warriors” is daar ook ‘n wonderlike kamp vir laerskool-skoolverlaters gebore. Die visie met die “Battleship Kamp” is om alle graad 7’s in die Paarl toe te rus met ‘n karakter om die regte keuses in die hoërskool uit te oefen.

I would like to conclude with one of the most beautiful stories to date this year, which adheres to our school's Upward-Out theme. It is the Tjaart van der Walt - Geaton Martin story that has also been featured in the media. Tjaart is an Old- and Klein-Boishaaier. There is a close connection between Tjaart and Geaton, especially due to their faith. Tjaart decided to donate his kidney to his fellow Boishaaier friend, Geaton Martin. One of our teachers heard of this and encouraged her class to pray, support and encourage Tjaart and Geaton. The Grade 4 boys then sent letters to Tjaart and Geaton before the major operation. As a result, the boys certainly learned what it means to reach out to others. Tjaart's outreach thus resulted in a chain reaction that also encouraged others to reach out.

Ek wil elke oudstudent bedank vir jul belangstelling in ons skool. Ek wil jul nooi en uitdaag om ons te help om die volgende generasie Boishaaiers op te voed as ware here. Ons kan dit nie sonder julle doen nie.

Henco Bester

*Upwards to our God & goals*

•

*Outwards to our community*

# REÜNIES VIR 2017

**Die volgende groepe beplan reünies vir 2017 in Boishaai se 149ste bestaansjaar:**

| | | |
|---|---|---|
| 1947 | Ken Lester | 021 850 0190/ 082 773 7440<br>klester@iafrica.com |
| 1952 | Chris Lombard<br>Egon Alfel | 028 271 3817/ 072 118 3888<br>00264 81 2413610 |
| 1957 | Philip Myburgh | 083 309 7591/ 021 884 4141 |
| 1962 | Wynand Retief | 082 560 3199<br>wynand@vanloveren.co.za |
| 1967 | Johan Herbst | 083 414 2488<br>herbst021@telkomsa.net |
| 1972 | Willie Zaaiman | 082 902 3428<br>wzaaiman@gmail.com |
| 1977 | Kobus Sieberhagen | 082 800 0041<br>Kobus.sieberhagen@gmail.com |
| 1982 | Willem Erwee | 083 455 4841<br>willem@wemedia.org.za |
| 1987 | Stephan van der Walt | 082 606 0143<br>vanderwalts@mweb.co.za |
| 1992 | Uys van Heerden | 083 237 0088<br>uysvanheerden@gmail.com |
| 1997 | Hennie du Toit | 083 265 7404<br>Hennie@dutoit.com |
| 2002 | Pieter Visagie | 083 744 6581<br>visagiepj@gmail.com |
| 2007 | Reinardt Biermann | 074 240 6150<br>rbiermann1@gmail.com |
| 2012 | Benjamin van Eeden | 082 928 3128<br>benjaminvaneeden@yahoo.com |

**2018 will be a very imporant year in the Boishaai diary with celebrations and get-together's to commemorate 150-years. The Director BHS 150, Mr. Danie Malan, gave us a brief look into what we can expect:**

## GEDENKBOEK:

U het seker al baie gelees oor die HJS 150 Gedenkboek wat op 2 Maart 2018 geloots word. Hierdie glanspublikasie van +300 bladsye dek alles en nog wat met pragtige foto's oor die roemryke 150 jaar geskiedenis van Boishaai. Ons moedig oudstudente en Boishaai ondersteuners aan om bladsye te borg. 300 bladsye kan geborg word en 200 is nog beskikbaar teen R1 000 per bladsy. Don't miss out. Sponsor a page and your name will be published in the list of these page sponsors and you will receive a tax certificate. Contact: admin@paarlboyshighobu.com

## FEESDINEE 2 MAART 2018:

Hierdie unieke geleentheid sal bygewoon word deur ongeveer 1 000 gaste (Mans en Vroue). Die beplanning is om dit in 'n luukse tent op die veld voor die skool aan te bied. Sake ondernemings, indiwidue, tandems en klasse sal tafels kan koop. Inligting sal binnekort wyd en syd bekend gemaak word. The Commemorative Book will be launched on this occasion.

## RAAD VAN BESKERMHERE:

Die HJS 150 het onlangs aangekondig dat **Dr. Christo Wiese** die **Hoofbeskermheer** sal wees. Verskeie bekende lede van die Boishaai Familie is op die Raad benoem. Hierdie Raad sal raad en leiding bied waar nodig en natuurlik help om die rigting te bepaal waarin Boishaai sal beweeg in die volgende vyftig jaar.

## PAARL BOYS' HIGH FOUNDATION:

Hierdie is 'n nuwe trust wat deur 'n besluit van die Raad van Beskermhere gevorm word. Een van die hoofdoelstellings sal wees om hopelik skenkings en bemakings aan te moedig en nou sal saamwerk met die OSU, die HJS Beheerliggaam, personeel en Boishaai ondersteuners. Ons sal binnekort 'n brosjure beskikbaar stel wat die visie en missie sal verduidelik.

## MUSEUM:

U word een en almal vriendelik uitgenooi om die nuwe HJS Museum te besoek. 80% van die uitstallings is voltooi. Ons glo dit sal die beste skoolmuseum in Suid-Afrika wees en beveel aan dat u minstens 'n uur opsy sit vir die besoek. Neem kennis dat die ingang vanaf die Hoofstraat sal wees. Die Berlijn gebou is die tuiste van die HJS Museum, OSU, HJS 150, Pro Boys' High, HJS Raad van Beskermhere en Paarl Boys' High Foundation. **Wenke vir u besoek:** See the photo's in the two front offices as you enter. In the first room you will see the photo's depicting the history from 1868 to 1928 as well as the Headmasters, school buildings etc. In the passage leading to the bathrooms you will see interesting photo's of the 1930's and 40's. The next rooms will depict the years that follow. Besoek ook die kantoor van die Direkteur HJS 150. Sien ook die pragtige nuwe Raadsaal en die Onthaalkamer. Video skerms word ook binnekort aangebring. Hierdie is 'n geskenk van die HJS Oudstudente aan die skool en die Boishaai Familie en natuurlik sal alle donasies, klein en groot, waardeer word om die projek te kan voltooi. Die Museum word later vanjaar amptelik geopen.

Danie Malan: Direkteur HJS 150
dmalan@paarlboyshighobu.co.za,
082 9010423.

# INTERSKOLE PROGRAM 2017

Oudergewoonte sal die Old Boys van die twee skole mekaar in verskeie sportsoorte aanpak in 'n poging om hul skooldae te herleef en die vriendskappe en sportgees wat oor jare strek, verder te versterk. Interskole sal nie wees wat dit vandag is sonder die ondersteuning en bywoning van die Old Boys, ouers, familie en vriende nie en ons wil graag 'n beroep op almal doen om dan so ook die Old Boys te kom ondersteun by die verskeie sporte en funksies

## DONDERDAG, 27 JULIE 2017

PRO BOYS DINEE– Ashanti om 19h00.
Besprekings:

admin@proboyshigh.co.za/ 083 635 6111

## MAANDAG, 31 JULIE 2017

STUDENTEFUNKSIE—BLOUMAANDAG

Stellenbosch vanaf 19h00

## DINSDAG, 1 AUGUSTUS 2017

KLEIN BOISHAAI 0.13A HOKKIE by Gim Astro: 16H30

INDOOR KRIEKET: 18H30

OLD BOYS'/GIRLS' HOKKIE: Girls' High Astro

Dames: 19h00

Mans: 20h00

## WOENSDAG, 2 AUGUSTUS 2017

PAARL OLD BOYS' CLASSIC OUDSTUDENTE RUGBY
Brugstraat-velde

17h40 : 5-jaar reüniegroep

19h00 : Golden Oldies

20h00 : Old Boys

## DONDERDAG, 3 AUGUSTUS 2017

SOTHEBY'S LEW GEFFEN OUDSTUDENTE INTER-SKOLE GHOLFBEKER– Pearl Valley Gholfklub.

Klein Boishaai O.13A Interskole rugby : 16h00

Hoërskool Gimnasium-velde

## VRYDAG, 4 AUGUSTUS 2017

Skool se Groot Brag-funksie in die skoolsaal: 09h00

Interskolerugby (laerspanne by Gimnasium): 13h45

Interskolehokkie (laerspanne by Gimnasium): 13h45

GROOTBRAG (Mans) in Paarl Stadsaal: 19h00

LADIES' BRAG (Dames) *Uitverkoop.*

## SATERDAG, 5 AUGUSTUS 2017

Interskolehokkie 19/A (HMS-velde) 08h00

Sjampanje-ontbyt by Bossa Nova 09h30

Rugby, Faurestraatveld: 12h00

*Krymekaar – HJS Skoolsaal na die rugby*

## SONDAG, 6 AUGUSTUS 2017

Kerkdiens by Strooidakkerk 09h00

VAN LOVEREN
FAMILY VINEYARDS
GOOD TIMES WITH A GOOD WINE

# IN MEMORIAM

***Ons bring hulde en betuig ons medelye aan familie en vriende van die onderstaande persone wat oorlede is sedert ons laaste nuusbrief in Desember 2016 verskyn het:***

| | |
|---|---|
| Dr Danie Joubert | Matriek 1934 |
| Lionel Sutton | Matriek 1946 |
| S A Fourie | Matriek 1947 |
| T M Steyn | Matriek 1949 |
| Bing Walker | Matriek 1950 |
| Karel Schoeman | Matriek 1956 |
| Bertie Smith | Matriek 1957 |
| Pieter Malherbe | Matriek 1957 |
| Caspaas Herbert | Matriek 1957 |
| Fanie Zaaÿman | Matriek 1958 |
| Alex Rabie | Matriek 1961 |
| George Swart [Aurgie] | Matriek 1962 |
| Geoff Voigt | Matriek 1963 |
| Willem A Engelbrecht | Matriek 1972 |
| Pieter Viljoen | Matriek 1974 |
| J D Rust | Matriek 1976 |
| J [Bulle] Coetzee | Matriek 1976 |
| Charl du Plessis | Matriek 1978 |
| Conradie Burger | Matriek 1988 |
| Jannie Fourie | Gr 8 in 2016 |
| Gysbert du Toit | Pa en oupa van die Du Toits van Ceres |
| M Close | Matriek 1959 se seun |
| Dolf Laas | Matriek 1965 se dogter |
| Willie Conradie | Matriek 1977 se ma |
| Tony Gava | Matriek 1977 se ma |
| Henk Lourens | Matriek 1983 se Ma |
| Alk Brand | Matriek 1983 se pa |
| Udo Schwarte | Matriek 1990 se ma |

Mike Herbst , oudskoolhoof , Klein Boishaai: vrou oorlede




**The following rugby games are still to be played:**

| | |
|---|---|
| **Saurday, 29 Julie** | **SACS (home)** |
| **Saturday ,5 August** | **Paarl Gimnasium** |

**Please come and support our teams.**

**During the week of Inter-schools (01 August to 05 August) the Old Boys' Office will be open daily from 08h00 to 17h30. Please collect all your tickets for the various functions from Esmé and Francina.**




**We have a new range of supporters clothing available and will be happy to assist you.**

**HOTLINE**
**021 8722835**

## ALGEMENE JAARVERGADERING

Die volgende AJV van die OSU vind plaas op:

Datum: 17 Augustus 2017

Tyd: 19h00

Plek: Klubhuis Brugstraat

Drag: OSU -das

Bevestig u bywoning 0218722835

## ANNUAL GENERAL MEETING

The next AGM of the OBU will be held on:

Date: 17 August 2017

Time: 19h00

Venue: Clubhouse Brug Street

Dress: OBU tie

Please confirm attendance 0218722835

# TANDEM FUNKSIES


## HERMANUS TANDEM

On 7 June we had a meeting at the Boat Club in Hermanus, where 17 members were present along with some boerewors rolls, a couple of beers and wine. It was the night of the mighty storm and as such many of the members were not able to attend —I do not blame them. Solms Beyers , however, made the trip all the way from Riviersonderend . On the photo from left to right: Solms Beyers (1977), Schalk du Toit (1979), Audie van Noordwyk (1973) and Michel Frost (1979)

Thanks to everyone who attended .We will have another get together before the end of the year...by that time we will have won Interschools once again!

Michael Frost.





# LEGENDS AUCTION



Die Legends Veiling het vanjaar plaasgevind op 21 Junie in die Paarlse Stadsaal.  Dit is die tweede keer wat hierdie fondsinsameling plaasvind en die Oudstudente-Unie bedank graag die lede vir hul ondersteuning.  Die funksie is vanjaar bygewoon deur Dr Christo Wiese, Hoofbeskermheer HJS 150, asook sewe ander lede van die Raad van Beskermhere.

A hearty thanks to the entertainer Nic Rabinowitz who set the platform for auctioneer Carl Malherbe.  He did a stirling job and managed to get the bidders to contribute amply and ensured that the evening was a success.

A special word of thanks to KWV, our main sponsor, and to all our wine producers, hospitality establishments, restauranteurs, farms and other benevolent sponsors for offering their products and services and making the evening possible.

Van die interessante lotte wat opgeveil is, was 'n 11 kg Oud-Amsterdam kaas, 'n 225 liter vat Ernie Els Cabernet Sauvignon en 'n 2-jaar oue buffel bulletjie.  Dr Wiese het ook verblyf en 'n  jag aangebied op sy wildplaas en KWV se Besturende Direkteur het 'n bottel 1956 Port uit sy privaat kolleksie beskikbaar gestel.

Die Legends Veiling is nou voorwaar 'n instelling op die OSU-kalender!

KWV
PROUD PIONEERS



## TELETHON

Die Oudstudente-Unie het 'n unieke fondsinsamelingsprojek onder Voorsitter Hennie Warnich se leiding geloods. Op 20 April het klasverteenwoordigers van dertig klasse in die nuwe HJS museum bymekaar gekom en gepoog om elkeen tien klasmaats te oorreed om R5000 elk by te dra..

The whole evening was a celebration and was broadcasted live on YouTube. Attendees were treated to a special braai by SA Braaimaster , John Grundlingh (1997).

The presenter was Old Boy Peter Pentz (2014), who flew down especially for the occasion from Potchefstroom.

Scholars from the primary and high school played "Rock, Paper, Scissors" in the finals and the winning teams received a grand prize.

The talented, *Jackal and The Wind* band (all Old Boys) entertained the crowd and Marissa van Molendorf, Head of the Music Department of BHS, preformed a solo.

In the "ops" room the pledges and numbers were calculated and live updates of the progress of the evening were shown on screens situated a the event. Everything was carefully scrutinized by accounting firm BGR.


There were lucky draws with excellent prizes to be won and Riaan Kunz (1989) walked away with the first prize—a brand new car!

Once again, on behalf of the Old Boys' Union, a huge thank you for your contribution in making the Telethon a great success. In total, 304 pledges were received from Old Boys, which theoretically totals to R1 520 000. The Old Boys' Union is in the process of collecting all the pledges and have already banked more than R1 000 000.

Telethon Blue

A Paarl Boys' High Old Boys Union Initiative








i10
HYUNDAI


Hoër Jongenskool Paarl
MUSEUM
Paarl Boys' High






MAPEX



## OLD BOYS' GOLF DAY: PAUL ROOS VS. BHS




The Paarl Boys' High Old Boys' Union and Paul Roos Gymnasium 'Old Boys' locked horns on the Devonvale Golf & Wine Estate golf course on 25 May 2017.

It was the first time that this competition took place and it ended in a draw. Eight four balls participated and we look forward to the event growing in stature in the years to come.

We would like to thank Lew Geffen Sotheby's International Realty Winelands, George and Chris Cilliers for their sponsorship and continued support!








## HET JY GEWEET?

Die Oudstudente-Unie se wapen verskyn saam met die ander borge op die Eerster rugbyspan se truie ( op die mou) as bewys van hul betrokkenheid en jaarlikse bydraes.

Die HJS musuem is nou deel van Paarl se amptelike besoekekersroete (nr 21) en beskik oor die dienste van 'n kurator. Bea Struwig kan gekontak word by: bea.struwig@gmail.com

Bestellings vir die nuwe en eksklusiewe HJS 150-jaar gedenkboek, wat in Maart 2018 bekendgestel word kan reeds gemaak word by admin@paarlboyshighobu.com/ 021 872 2835 teen R750.
Slegs beperkte vororaad is beskikbaar .

## OLD BOYS: NEWS




Salmaan Moerat (2016) tydens sy onlangse besoek aan sy Alma Mater om sy WKOD-toekenning vir Skool-sportman van die Jaar 2016 te ontvang. Salmaan is ook een van vyf oudstudente van die HJS wat in die Junior Bokspan opgeneem is. Baie geluk Salmaan!



Baie geluk aan Ronaldo Frechou (2010) wat 'n silwer medalje in hamergooi by die SA-atletiekkampioenskap verower het met 'n afstand van 70,30m. By hom op die foto is Chris Harmse (Goud - 70,53m) en Tshepang Makhethe (Brons - 69,14m)



Baie geluk aan pa en seun Carel (klas van 1986) en Schalk (klas van 2017) van der Merwe wat saam met die groen en goud bekroon is om SA in die inter-nasionale uithouritkampioenskap te verteenwoordig. Dit is nie net n besondere prestasie dat pa en seun hul land saam verteenwoordig nie, maar ook Schalk wat nou in matriek is, wat sy land as senior verteen-woordig. Baie geluk manne!




Old Boy Lukas van der Watt (2016) maak tans groot opslae in Amerika met sy paalspring waar hy aan die "University of Missouri - Kansas City(UMKC)" studeer. Wel gedaan Lukas!



Old Boy Dawid Malan is the first ever international cricketer, that went to school at Paarl Boys' High. He debuted for England in their third T20 International against South Africa in Cardiff. Truly a lBoishaai Legend!



Dit is met groot hartseer dat ons moet afskeid neem van nog 'n groot Boishaai gees, Karel Schoeman(1956). Oom Karel was een van ons land se mees bekroonde skrywers en het onder andere die CNA prys (1972), die Helgaard Steyn prys (1988), die WA Hofmeyr prys, die Old Mutual prys vir literatuur en fiksie(1984 & 1991) en die Hertzog Prys vir prosa( 1970, 1986 & 1995) in sy leeftyd verower. Ons harte gaan uit na sy familie en vriende.



Danie Bester (1993) has produced 22 feature films in the past seven years and is regarded by many the key person in the renewal of the South African film industry. Danie was involved with the production of more than a 100 commercials and music videos. Companies he has worked for include: Nike UK, Sony USA, Czar Belgium, Happiness Brussels and SAB. Danie has slowly shifted his focus to South African productions that have the potential to be released internationally. Vaselinetjie and Vuil Wasgoed will both screen at the 2017 kykNET Silverskerm Festival.



Groot was Daniel Benadie (1977) se verbasing toe hy tydens sy onlangse reis na Positano iin Italië op die strand aankom en sien die hele strand is in Boishaai kleure opgemaak.
News travels fast!

# HJS OSU- BESTUUR: KONTAKBESONDERHEDE

| Amp | Naam | E-pos Adres | Tel. Werk |
|---|---|---|---|
| President | Stephan van der Walt | Stephan@paarlboyshighobu.com | 082 606 0143 |
| Erepresident | Derek Swart | dswart@paarlboyshigh.org.za | 021 872 2875<br>084 509 5995 |
| Erepresident | Henco Bester | hbester@paarlboysp.co.za | 021 872 4651 |
| Voorsitter | Hennie Warnich | Hennie@paarlboyshighobu.com | 082 442 1772 |
| Visevoorsitter | Werner Spijkerman | werner@paarlboyshighobu.com | 082 595 2504 |
| Tesourier | SF Du Toit | sf@paarlboyshighobu.com | 084 240 8757 |
| Sekretaresse | Francina van Rhyn<br><br>Esmé du Toit | Info@paarlboyshighobu.com<br><br>admin@paarlboyshighobu.com | 021 872 2835<br>072 226 2366 |
| Lede | Dr. Kobus Uys | kobus.uys@gmail.com | 021 976 2425<br>082 929 1739 |
| | Gideon Rossouw | gidsrossouw@gmail.com | 076 603 8027 |
| | Botha Warnich | botha@silversky.co.za | 0795092407 |
| | Marius Herholdt | mherholdt@oldmutualpfa.com | 082 8296007 |
| Studente Verteen-woordiger | Benjamin van Eeden | benjaminvaneeden@yahoo.com | 082 928 3128 |

*The Old Boys' Union would like to make use of this opportunity to thank all our sponsors that contribute to our success this year:*

Lew Geffen | Sotheby's INTERNATIONAL REALTY

HYUNDAI | PAARL

Findata FINANCIAL SERVICES (PTY) LTD / FINANSIELE DIENSTE (EDMS) BPK Licensed Financial Services Provider (FSP No. 4771)

VL VAN LOVEREN FAMILY VINEYARDS

KWV PROUD PIONEERS

NTT PAARL www.nttvw.co.za

C 2 M

Safari & Outdoor

UNOX®

MEDIAFX DESIGN • PRINT • WEB • MARKETING

FSTR & CO.